**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Hersienings Nr. : 993/2005**

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

versus

**ELIAS TINI MOFOKENG** Beskuldigde 1

---

**CORAM:** KRUGER R *et* CLAASEN Wnd R

---

**UITSPRAAK DEUR:** CLAASEN Wnd R

---

**GELEWER OP:** 11 AUGUSTUS 2005

---

In hierdie aangeleentheid het Elias Tini Mofokeng as eerste beskuldigde tereggestaan saam met Letela Amos Tshabalala op 'n klag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die saak het gedien voor landdros P. Msimanga. Beide beskuldigdes het op 1 April 2001 onskuldig gepleit. Die saak was deelsverhoor en op 'n datum waarheen die saak uitgestel is, 25 April 2001 het beskuldigde 1 net nie weer opgedaag nie en spoorloos verdwyn.

Die saak is op verskeie geleenthede uitgestel in 'n poging om beskuldigde 1 op te spoor. Dit was onsuksesvol gewees. Na verskeie uitstelle het die voorsittende landdros skeiding van verhore gelas in terme van artikel 159(3) van Wet 51 van 1977. Die verhoor is toe op 31 Augustus 2001 teen beskuldigde 2 afgehandel in die afwesigheid van beskuldigde 1. Beskuldigde 2 is vrygespreek.

Beskuldigde 1 is gedurende 2005 opgespoor waar hy tans besig is om 'n vonnis uit te dien op 'n ander saak.

Die landdros van Bethlehem het nou 'n skrywe aan die Griffier gerig. Daaruit blyk dat die kassette van die vorige gedeeltelike verhoorde saak teen beskuldigde 1 verlore geraak het of reeds vernietig is. Die betrokke voorsittende landdros kon ook nie sy notas opspoor nie. Die landdros van Bethlehem, Mev. M.H. Visser, berig dat sy ondersoek ingestel het na die omstandighede rondom die verlore rekord en dat dit nie moontlik is om die saakrekord te rekonstrueer nie. Na deeglike ondersoek deur al die betrokke partye is daar geen hoop om die rekord te rekonstrueer nie.

Landdros Msimanga bevestig in 'n dokument dat hy nie meer oor enige notas van die saak beskik nie en dat hy dit nêrens kon opspoor nie. Hy vermoed dat sy notas saam met die kassette vernietig is. Hy bevestig dat hy nie in staat is om die rekord te rekonstrueer nie.

'n Sekere dame, A.F. Muller, verklaar onder eed dat sy die klerk van die hof te Bethlehem is en dat sy oral en na die beste van haar vermoë na klagstaat B620/00 gesoek het en dat sy slegs die klagstaat kon opspoor tussen die afgehandelde sake.

Volgens haar blyk dit dat die betrokke kassette reeds vernietig is en dat geen verdere rekord daarvan opgespoor kan word nie.

Die versoek is nou dat die verrigtinge ten opsigte van beskuldigde 1 tot en met die skeiding van die verhore in terme van artikel 159(3) van Wet 51 van 1977 tersyde gestel kan word ten einde die Staat in staat te stel om beskuldigde 1 *de novo* te verhoor.

Na oorweging van die verklarings van die betrokke persone vermeld, word die volgende bevel gemaak:

1. Die verrigtinge ten opsigte van beskuldigde 1, Elias Tini Mofokeng, in saak nr. B620/00, tot en met die skeiding van verhore, in bogemelde saak, in terme van artikel 159(3) van Wet 51 van 1977, word tersyde gestel.

---

**J.Y. CLAASEN, Wnd R**

Ek stem saam.

---

**A. KRUGER, R**

/sp